education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2009

## MEMORANDUM

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.**

## INSTRUKIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A moet op hierdie vraestel beantwoord word in die spasies wat voorsien word. AFDELING B moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Daar word aanbeveel dat AFDELING A slegs in potlood beantwoord word.

4. Die laaste bladsy van hierdie vraestel bestaan uit manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

Kopiereg voorbehou 

**NASIENROOSTER**

| AFDELING A | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **TOTALE PUNTE** | **NASIENER** | **MODERATOR** |
| 1 | 20 | | |
| 2 | 10 | | |
| 3 | 10 | | |
| 4 | 8 | | |
| 5 | 12 | | |
| | | | |
| **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| **AFDELING B** | | | |
| **VRAAG** | **TOTALE PUNTE** | **NASIENER** | **MODERATOR** |
| 6 | 8 | | |
| 7 | 14 | | |
| 8 | 4 | | |
| 9 | 4 | | |
| 10 | 4 | | |
| 11 | 6 | | |
| 12 | 5 | | |
| 13 | 5 | | |
| 14 | 5 | | |
| 15 | 5 | | |
| **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| **GROOTTOTAAL: 120** | | | |


Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

**Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.**

### VRAAG 1


Bestudeer die fragment hieronder uit die *Vioolkonsert van* Felix Mendelssohn-Bartholdy en beantwoord die vrae wat volg.




5
Fl. 1
Cl.
Bsn. 2
E Hn.
Timp.
Pr. Vln
(b)
Vln. I
Vln. II
Vla.
Vc.
Cb.
(c)

1.1 Herskryf die eerste VIER mate van die **solovioolparty** ('principal violin') se party in die helfte van die nootwaardes. Voeg die nuwe tydsoortteken in.


**Antwoord:**



Tydmaatteken = 1 punt
Note = 3 punte
Opslagmaat van maat 1
1 punt vir elke korrekte maat (mate 1 tot 3)
Slegs groepering en nootwaardes word geëvalueer (4)

1.2 Transponeer die eerste VIER mate van die klarinette na konsert- (klank-) toonhoogte.

**Antwoord:**




Korrekte toonsoort = 1 punt
Notasie = 1 punt vir maat 1 en 2
1 punt elk vir maat 3 en 4

(4)

1.3 Herskryf die fluitparty in maat 7 in saamgestelde tweeslagmaat.

**Antwoord:**






Tydmaatteken = 1 punt
Notasie en duole = 1 punt (½-punt per slag) (2)



1.4 Noteer en beskryf die drieklanke (byvoorbeeld C majeur of E verminderd) wat in maat 1(a) en maat 6(b) van die eersteviool ('Violin 1') gevorm word. Gebruik die gegewe sleutels.

**Antwoord:**

**Maat 1(a)** **Maat 6(b)**

**OF**

(4)

E mineur A mineur

Notasie = 1 punt elk
Benoem drieklanke = 1 punt elk
Enige toonhoogte sal aanvaar word

1.5 Identifiseer die toonsoort en die kandens by (c): **E mineur/Volmaakte kadens**
Toonsoort = 1 punt
Kadens = 1 punt (2)

1.6 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Dui die korrekte antwoord aan deur **A** of **B** te omkring.

1.6.1 Die G$^{\#}$ in maat 5 van die Viool 1-party ('violin') is ...

**A** die leitoon van B mineur.
**B** die leitoon van A mineur. (1)

1.6.2 Die note in die kontrabas klink 'n oktaaf ...

**A** hoër.
**B** laer. (1)

1.6.3 Die dominantmajeurtoonsoort van die hooftoonsoort van die werk is ...

**A** B majeur. (1)
**B** B$^{b}$ majeur.

1.6.4 Die akkoordsimbool vir die akkoord in maat 1$^{4}$ (maat 1, polsslag 4) is ...

**Enige een van die volgende simbole sal aanvaar word:**

**A** Em/B of $i^{6}_{4}$ of ic
**B** Em of $i^{5}_{3}$ of i (1)

**[20]**

**VRAAG 2**

Bestudeer die fragment hieronder uit *Sangena,* wat deur M Khumalo verwerk is, en beantwoord die vrae wat volg.

# Sangena
## (We are entering)

Traditional/*Tradisioneel*: Zulu
*Ritmico* ♩ = 110

Arranged by/*Verwerk deur*: Prof M Khumalo




2.1 Noem die intervalle gemerk (a), (b) en (c).

**Antwoord:**
(a) Volmaakte 5$^{de}$ (b) Mineur 6$^{de}$ (c) Vergrote 4$^{de}$
1 punt elk (3)

2.2 Skryf en noem die omkering van die interval by (b) in die partituur.


**Antwoord:**



Majeur 3$^{de}$

Omkering = 1 punt
Naam van omkering = 1 punt
Enige nootwaarde en enige toonhoogte sal aanvaar word (2)

2.3 Skryf die solfa-notasie bo die altparty van maat 1 en 2 op die volgende uittreksel neer: **(Sien voorbeeld in die sopraanstemparty van maat 9 en 10.)**




**Al die volgende tel 'n halfpunt:**
Halwe rus, kwartrus, kwartnoot, halwe noot, ta-te-patroon, kwartnoot.

**Maat 1:**

√ √√
| : | :d

**Maat 2:**

√ √ √ √ √
| t, :– | t, .d :r

(4)

2.4 Noem die ritmiese middel wat in die sopraanstemparty in maat 1 tot 5 gebruik word.

**Antwoord:** Sinkopasie/Ritmiese herhaling (1)


**[10]**

**VRAAG 3**

Skryf die volgende toonlere volgens die gegewe instruksies:

3.1 $E^b$ pentatoniese toonleer, afgaande, met toonsoortteken in die mate wat hieronder gegee word. Begin met 'n opslag.


**Antwoord: (voorbeeld)**



Toonsoortteken = 1 punt
Opmaat en notasie = 3 punte
Ritme = 1 punt
Haal A mol noot uit
Indien opgaande geskryf = 1 punt (5)

3.2 $F^\#$ majeur, opgaande, wat op die mediantnoot begin en eindig. Skryf die toonleer in enkelvoudige drieslagmaat. Gebruik die bassleutel. Moet NIE 'n toonsoortteken gebruik nie.

**Antwoord: (voorbeeld)**



Begin op mediant = 1 punt
Notasie en ritme = 3 punte
Enige gepaste en korrekte ritmiese patroon sal aanvaar word. (4)

3.3 Die Franse komponis Debussy het dikwels 'n heeltoontoonleer in sy musiek gebruik. Omkring die getal note wat in hierdie toonleer voorkom.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 5 | 6√ | 7 |

(1)

**[10]**

## VRAAG 4

Voltooi EEN van die openingsmotiewe hieronder om 'n twaalf-maat-melodie in drieledige vorm te voltooi. Voeg dinamiek en artikulasietekens by.

**Melodie vir Viool**




**OF**

**Melodie vir Tjello**




**[8]**

**Antwoord: Nasienrooster**


| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| Korrekte gebruik van tydmaatteken | 1 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Musikaliteit | 13 | |
| Totaal | 16 ÷ 2 = 8 | |

**VRAAG 5**

**Beantwoord VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.**

5.1 Bestudeer die vierstemmige uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Koraal




5.1.1 Besyfer die akkoorde by (a), (b) en (c) in die spasies hieronder, byvoorbeeld D:V, D:IV$^6$.

Enige korrekte simbole sal aanvaar word.

(a) **$vii^{06}$**

(b) **V7**


(c) $I^6_4$ of Ic (3)

5.1.2 Voltooi die vierstemmige harmonisering deur gepaste akkoorde by te voeg.

**Antwoord:** Vir VRAAG 5.1.2 sal ENIGE korrekte akkoorde aanvaar word.

Die antwoord hieronder is 'n voorgestelde moontlikheid.
6 punte = Korrekte akkoorde
2 punte = Musikaliteit
2 punte = Kadense

# KORAAL




(9)
**[12]**

**OF**

5.2 Bestudeer die stuk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Blue, Blue, Blue



5.2.1 Noem die akkoordsimbole by (a), (c) en (k), byvoorbeeld D min, A/C#, ensovoorts.

**Antwoord:**

(a) $F^7/E^b$
(c) $F^7$
(k) C/E (3)


5.2.2 Voltooi die bassleutel deur akkoorde van jou keuse by (b), (d), (e), (f), (g), (h), (i) en (j) in te voeg.
Gebruik gepaste ritmiese patrone volgens die gegewe styl van die werk.

**Antwoord:** Enige gepaste akkoorde sal aanvaar word. Sien partituur vir idees. (8)

5.2.3 Omkring 'n wisselnoot op die partituur. Dui dit duidelik met **W** aan. **(antwoord op die volgende bladsy)** (1)

**Antwoord:** Sien partituur hieronder.
Vir VRAAG 5.2.2 sal enige korrekte akkoord aanvaar word.

## Blue, Blue, Blue




**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Relevante antwoorde wat nie in die memorandum verskyn nie, mag aanvaar word volgens die hoofnasiener se diskresie.

## VRAAG 6: JAZZ-MUSIEK

**Beantwoord VRAAG 6.1 OF VRAAG 6.2.**

6.1 Vergelyk bebop en swing met betrekking tot enige TWEE van die volgende aspekte:

(a) Harmonie
(b) Melodie
(c) Instrumentasie
(d) Tempo
(e) Ritme
- 2 indien daar nie vergelyk word nie.

**Antwoord:**

Harmonie:

- Bebop het komplekse, gesofistikeerde harmonieë gebruik, wat op akkoorde van vyf tot sewe note gebaseer is, eerder as die drie- of viernootakkoorde wat in swing en vroeë jazz gebruik is.
- Soos in vroeëre jazz, het bebop-musikante ook die blues- en gewilde AABA-vorm liedjies as beginpunt vir improvisasie gebruik, maar hulle het dikwels nuwe melodieë (kontrafakte) gekomponeer om by die basiese harmonieë van bekende melodieë te pas.
- Bebop het ook ongewone akkoordprogressies gebruik in vergelyking met die meer voorspelbare akkoordveranderinge van swing.

Melodie:

- Bebop-melodieë was hoekig, en het ruwe kontoere gehad. Dit is gebaseer op nuwe akkoorde en progressies.
- In bebop was die melodiese frases self dikwels gevarieerd en onreëlmatig in lengte.
- In swing was die melodie baie belangrik. Melodieë is dikwels deur hele seksies van die orkes (saksofoon- of koperblasers- of ritmeseksie) saam of in harmonie gespeel.
- In swing was die verwerking van die melodie en sy begeleiding die hooffokus van die musiek, terwyl die melodie wat in bebop aan die begin en einde van die stuk gespeel is, slegs die beginpunt was vir instrumentale solo-improvisasies wat op die melodie of die harmoniese struktuur van die liedjie gebaseer is.

Instrumentasie:

- Die tipiese swing-orkes het uit ongeveer veertien of vyftien musikante bestaan wat in drie seksies ingedeel is: saksofone, koperblaasinstrumente (trompette en trombone) en die ritmeseksie (klavier, perkussie, kitaar en bas).
- Bebop is gewoonlik deur klein jazz-groepe gespeel. 'n Tipiese bebop-groep sal 'n saksofoon en/of 'n trompet, ondersteun deur 'n ritmeseksie van klavier, bas en perkussie, insluit.

Tempo:
- Bebop-liedjies is dikwels teen baie vinniger tempo's as swing gespeel.
- Swing is dikwels in danssale gespeel en die musiek moes teen danstempo's gespeel word.
- Bebop-melodieë en improvisasies het dikwels 'n reeks baie vinnige note gehad.

Ritme:
- Ritmes in bebop-melodieë was meer gevarieerd en onvoorspelbaar as die melodieë in swing.
- In bebop kon beklemtoonde note op sterk of swak slae, of by verskeie punte in die slag, voorkom.
- In swing is die maatslag dikwels deur die tromspeler op die bastrom en die hi-hat-pedaal gehou.
- In bebop is die maatslag nie deur die snaartrom of die bastrom aangedui nie, maar deur die kontrabas en die 'ride cymbal'.
- In bebop het die pianis se linkerhand nie meer gehelp om die basiese polsslag te beklemtoon aan te dui nie, maar het eerder by die regterhand aangesluit om komplekse akkoorde teen onreëlmatige ritmes te speel. **[8]**

**OF**

6.2 Internasionale jazz-feeste bring musikante vanoor die wêreld bymekaar. Hierdie musikante verteenwoordig verskillende aspekte van jazz-geskiedenis, -ontwikkeling en -style.

Jy het onlangs 'n jazz-fees bygewoon, waar jy konserte deur Suid-Afrikaanse jazz-musikante, asook internasionale uitvoerings van swing- en bebopmusiek, bygewoon het.

Skryf 'n kort opstel waarin jy die konserte in terme van jazz-geskiedenis, -ontwikkeling en -style bespreek.

**Nasienriglyn vir VRAAG 6.2**

| PUNT | BESKRYWING |
|---|---|
| **7 – 8** | Die opstel demonstreer die leerder se vermoë om jazz-style en -geskiedenis deur middel van **kritiek** en **beoordeling** van die kennis/inligting te **evalueer.** |
| **5 – 6** | Die opstel demonstreer die leerder se vermoë om jazz-style en -geskiedenis te **ontleed** deur inligting in onderafdelings te verdeel om begrippe en verhoudinge te ondersoek deur die **toepassing, vergelyking** en/of **organisering** van die kennis. |
| **3 – 4** | Die opstel demonstreer 'n **begrip** van jazz. Die leerder kan idees of konsepte met verwysing na jazz-style en -geskiedenis **verduidelik.** |
| **1 – 2** | Die leerder se opstel gee geleerde kennis weer – dit word gedemonstreer deur inligting oor jazz-style en -geskiedenis te **onthou** en **op te roep**. |

**[8]**

## VRAAG 7: ROMANTIESE MUSIEK

7.1 Beskryf die vierde beweging van Brahms se *Simfonie nr. 4 in E mineur Op. 98* met betrekking tot struktuur, vorm en orkestrasie.

**Antwoord:**

- Die tema-en-variasievorm is soortgelyk aan die passacaglia (variasies op 'n grondbas) in die Barokperiode.
- Die vierde beweging van die Brahms Simfonie bestaan uit nie minder nie as 30 variasies met 'n uitgebreide koda aan die einde.
- Die melodie kom uit Bach se kantata: *Unto Thee, O Lord, I Lift Up My Soul.*
- Brahms het die oorspronklike melodie verryk met 'n enkele chromatiese noot.
- Die tema bestaan uit agt note, elkeen 'n volle maat lank.
- Die variasies skep verskillende stemmings.
- Die variasies word sonder 'n pouse gespeel. 'n Agt-maat-frasestruktuur word deurgaans gehandhaaf en die tydmaatteken is altyd $\frac{3}{4}$.
- In variasies 1 tot 3 word die tema in die middel- en hoë registers gehoor.
- In variasies 4 tot 11 is die melodie in die bas met ander melodieë in die boonste registers.
- Van variasie 12 tot aan die einde verskyn die tema in enige register.
- Alhoewel die vierde beweging in tema-en-variasievorm is, is dit steeds in ABA- (drieledige) vorm en het dit 'n uitgebreide koda.
- Die A-seksie is van variasie 1 tot 11 met 'n intensiewe atmosfeer en die mineurtoonsoort.
- Variasie 12 tot 15 is seksie B en het 'n meer liriese en ontspanne gevoel. Dit is in die majeurtoonsoort en is redelik stadig.
- Seksie A keer terug vanaf variasie 16 tot die einde.
- Wanneer die hooftema terugkeer, maar hierdie keer in die houtblaasinstrumente en koperblaasinstrumente, begin die koda.
- Die beweging eindig in 'n kragtige herhaalde akkoord wat deur die hele orkes gespeel word. (8)

7.2 Behalwe Brahms se simfonie, moes jy ook een van die volgende werke uit die Romantiese tydperk bestudeer het:

Chopin: *Polonaise in $A^b$ Majeur, Op. 53*
Schubert: *Der Erlkönig*
Puccini: *La Bohème* (soos in Kamien uitgawe 8)
Mendelssohn*: Vioolkonsert in E mineur, eerste beweging*
Smetana: *Die Moldau*

Skryf 'n kort opstel oor hoe die komposisie wat jy bestudeer het, die eienskappe van Romantiese musiek demonstreer. (6)
**[14]**

**Antwoord:** Genre: Karakterstuk
Titel: *Polonaise in A-mol majeur, Op. 53*
Composer: Chopin

- Die polonaise het ontstaan as 'n statige dans vir die Poolse koninklikes. Die stuk demonstreer daarom musikale nasionalisme wat 'n spesifieke nasionale identiteit uitbeeld.
- Komposisie vir 'n solo-instrument wat 'n spesifieke atmosfeer uitbeeld – statige prosessiedans.
- Gebruik drieledige vorm: inleiding, drieledige vorm met 'n kort koda.
- Dit is 'n kragtige en majestueuse werk, wat 'n wye reeks dinamiek en kragtige crescendo's gebruik.
- Dit vereis 'n hoë vlak van tegniese vaardigheid van die pianis. **[6]**

**OF**

**Antwoord:** Genre: Kunslied
Titel: *Der Erlkönig*
Komponis: Franz Schubert

- Komposisie vir solostem en klavier.
- Klavierbegeleiding is 'n integrale deel van die komponis se idee, dit dien as 'n interpretasiehulpmiddel vir die stem – suggereer 'n wilde perdrit, spanning en die perd se galop.
- Een sanger klink soos verskeie karakters deur die interessante gebruik van verskillende stemregisters.
- Digkuns en musiek word intiem saamgesmelt in die kunslied (Duitse teks, gebaseer op 'n gedig van die bonatuurlike deur Goethe).
- Gevul met bonatuurlike gebeure uit volksverhale.
- Schubert skep 'n deurgekomponeerde 'setting' om die stygende opwinding van die gedig vas te vang.
- Alle aspekte van die natuur het die Romantiese musikante gefassineer – in hierdie geval word 'n wilde perderit op 'n stormagtige nag uitgebeeld. **[6]**

**OF**

**Antwoord:** Genre: Opera
Titel: *La Bohème*
Komponis: Giacomo Puccini

- Puccini het melodieë gebruik wat kort frases het wat maklik onthou kan word.
- Karakters en plot word deur die lied onthul – hoofkarakters is Rodolfo, 'n jong digter, en Mimi – 'n arm kleremaakster.
- Dit gee lof aan romantiese liefde – met verliefdes wat oorweldigende struikelbrokke in die gesig staar.
- Hy het die orkes gebruik om die vokale melodie te versterk en om atmosfeer, landskap en stemming te suggereer. Die Romantiese orkes was groter en meer gevarieerd in toonkleur as die Klassieke orkes.
- Soos 'n drama het opera bedrywe – *La Bohème* het vier bedrywe. Puccini skep eenheid en kontinuïteit deur dieselfde materiaal in verskillende bedrywe te gebruik. **[6]**

**OF**

**Antwoord:** Genre: Concerto
Titel: *Viool-concerto in E mineur, eerste beweging*
Komponis: Felix Mendelssohn

- Bestaan uit drie bewegings, gespeel sonder tussenposes.
- Beide eerste en derde bewegings is in sonatevorm.
- Goeie onderlinge speling tussen solis en orkes, met temas wat van een na die ander aangegee word, en 'n pragtige kontras van toonkleur en uitdrukking skep.
- Die eerste beweging begin met die solis wat die eerste tema bo die fluisterende snaarinstrumente aanbied. Tradisioneel sou die orkes 'n uitgebreide openingseksie hê.
- Die stuk gebruik 'n wye reeks dinamiek van orkestrale fluisteringe tot fortissimo-passasies. **[6]**

**OF**

**Antwoord:** Genre: Simfoniese gedig
Titel: *Die Moldau*
Komponis: Bedrich Smetana

- 'n Orkestrale komposisie wat 'n spesifieke storie, beeld of idee weergee deur die gebruik van klank.
- Die werk is deel van die siklus *Má Vlast* ('My Country').
- Die stuk is beide 'n Romantiese uitbeelding van die natuur en 'n vertoon van Tjeggiese nasionalisme.
- Kontrasterende musikale seksies verteenwoordig verskillende tonele en episodes wat in die program beskryf word.
- 'n Herhalende volksagtige ('folklike') tema simboliseer die rivier.
- Vinnige/lopende note beeld die lopende rivier uit.
- Smetana gebruik musikale effekte wat aan 'n vloeiende stroom, 'n jagtoneel, 'n boeretroue en die breek van branders herinner.
- Jag op die rivierwal word deur horingfanfares voorgestel.
- Die boeretroue word deur 'n landelike polka voorgestel. **[6]**

**VRAAG 8: TWINTIGSTE-EEUSE MUSIEK**

Beskryf kortliks Impressionisme OF Neoklassisisme OF Musiekteater en noem EEN komponis en werk wat die styl verteenwoordig.

**Antwoord: Impressionisme**

- Claude Debussy – *Voiles* uit *Preludes Boek 1; Clair de Lune; La Fille aux cheveux de Lin* **OF**
- Maurice Ravel – *Gaspard de la Nui; Jeux d'eau*
- Musiek wat vlietende stemmings en mistige atmosfere skep.
- Die musiek klink vry en spontaan, amper geïmproviseer.
- Die musiek beklemtoon toonkleur, atmosfeer en vloeibaarheid.
- Die gebruik van kerkmodusse, pentatoniese toonlere en heeltoontoonlere help om die gevoel van tonaliteit te verswak.
- Die musiek toon ritmiese buigsaamheid.

**Neoklassisisme**

- Igor Strawinski – *The Rite of Spring; Oedipus Rex; The Rake's Progress* **OF**
- Paul Hindemith – *Kammermusik (nr. 6); Concert music for strings and brass; Ludus Tonalis.*
- Neoklassisisme word gekenmerk deur emosionele terughouding, balans en helderheid.
- Musiekvorme en stilistiese kenmerke van vroeëre periodes, veral die agtiende eeu, is gebruik.
- Komponiste het wegbeweeg van programmusiek en groot orkeste. Hulle het nie-programmatiese (absolute) musiek vir kamermusiekgroepe verkies.
- Die meeste Neoklassieke musiek was tonaal en het majeur- en mineurtoonlere gebruik.

**Musiekteater**

- Andrew Lloyd Webber – *Phantom of the Opera* **OF**
- Leonard Bernstein – *West Side Story* **OF**
- Frederick Loewe – *My Fair Lady* **OF**
- George Gershwin – *Porgy and Bess.*
- Die musiekblyspel is een van die belangrikste Amerikaanse bydraes tot twintigste-eeuse popkultuur.
- Dit is 'n tipe teater wat bedoel is om te vermaak deur die versmelting van 'n dramatiese teks, toneelspel en gesproke dialoog met musiek, sang en dans en met dekor, kostuums en spektakel.
- 'n Musiekblyspel het twee bedrywe, waarvan die tweede een korter is en melodieë wat vroeër gehoor is, terugbring.
- Dit gebruik eenvoudiger melodieë, harmonieë en vorme as opera, en dit bevat meer gesproke dialoog. (2 x 2) **[4]**

**VRAAG 9: INTERNASIONALE POPMUSIEK**

Noem VIER styleienskappe van EEN van die volgende internasionale kunstenaars/groepe wat jy bestudeer het:

Metallica
Michael Jackson
David Bowie
Oasis
Spice Girls/Westlife

**Antwoord: Metallica**

- Hoogs versterkte, verwronge klank
- Elemente van punk en Britse 'metal'-styl
- Die kitaar en die soniese krag wat dit deur versterking uitbeeld, is die sleutelelement in 'heavy metal'-musiek.
- Vinnige tempi en komplekse verwerking.
- 'n Sleutelaspek van 'heavy metal' is die kitaarsolo.
- Sosiaal- en politiesgelaaide lirieke.

**Antwoord: Michael Jackson**

- Sy prestasies in die musiekindustrie het onder andere 'n revolusionêre transformasie van musiekvideo's, soos verbeeld in 1983 se *Thriller* wat dikwels as die beste musiekvideo van alle tye beskryf word, ingesluit.
- Michael Jackson se *Thriller* het swart musiek weer by popgehore gewild gemaak na 'n post-disco-insinking onder hoofstroomgehore in die VSA gedurende die middeltagtigs.
- Hy het die eerste swart vermaaklikheidster geword om 'n sterk gevolg op MTV te werf, wat die relatief jong kanaal bekend gemaak het.
- Sy eerste album het 'funky' disko-pop, soul-ballades en sentimentele popballades bevat.

- Hy het die 'moonwalk'-danspassie gewild gemaak.
- Sy kenmerkende styl, beweging en sang het 'n hele generasie hiphop-, pop-, en R&B-kunstenaars geïnspireer, beïnvloed en tot stand gebring, insluitend Mariah Carey, Usher, Britney Spears, Justin Timberlake en Chris Brown, onder andere.

**Antwoord: David Bowie**

- David Bowie, wat in vyf dekades van rock and roll aktief was, en dikwels sy musiek en beeld herskep het, word wyd beskou as 'n invloedryke innoveerder, veral vir sy werk deur die 1970's.
- In 1970 het Bowie *The Man Who Sold the World* uitgereik, wat die akoestiese kitaarklank van die vorige album verwerp en dit met swaar 'rock'-begeleiding vervang het.
- In 1975 behaal Bowie sy eerste groot Amerkaanse 'crossover'-sukses met die nommer-een-liedjie *Fame* en die trefferalbum *Young Americans,* wat die sanger as 'plastiese soul' beskryf het.
- Sy album *Diamond Dogs* bevat soul/disko.
- Beelde wat in een van sy liedjies se musiekvideo gebruik is, het internasionale blootstelling aan die Nuwe Romantiese beweging gegee.
- Sy albums *Low* en *Heroes* is deur die Zeitgeist van die Koue Oorlog geïnspireer.

**Antwoord: Oasis**

- Oasis is 'n Engelse rock-groep wat in 1991 in Manchester gestig is.
- Hulle is een van die suksesvolste groepe om uit die Brit Pop-beweging van die middel-1990's te kom en word gelei deur hoofkitaarspeler en hoofliedjieskrywer Noel Gallagher en sy jongste broer, hoofsanger en liedjieskrywer Liam Gallagher.
- Musiek- en liriekegewys, haal Oasis Britse 'Invasion'-groepe soos The Beatles, The Who, The Rolling Stones en The Kinks as hulle grootste invloede aan.
- Brit Pop-groepe is sterk deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's beïnvloed.
- Hulle haal ook The Stone Roses, The Sex Pistols, The Smiths, The Jam en T. Rex as ander sleutelinvloede aan.
- Hulle musiekstyl reflekteer 'n gevoel van respek vir die klanke van die verlede.
- Stilisties het Brit Pop-groepe staatgemaak op 'catchy' lirieke en het lirieke geskryf wat bedoel was om vir Britse jongmense van hulle eie generasie relevant te wees.

**Antwoord: Spice Girls**

- Die Spice Girls was 'n Engelse, vroulike popgroep wat 'n BRIT-toekenning gewen het.
- Hulle musiek is opgewek en vrolik.
- Die musiek bevat ensemblesang met goed afgewerkte instrumentale verwerkings.

- Hulle het drie studio-albums en tien enkelspelers vrygestel en in die film *Spiceworld* gespeel.
- In November 2000 het die Spice Girls hulle laaste album, *Forever*, bekendgestel wat 'n nuwe, ruwer R&B-klank getoon het.

**Antwoord: Westlife**

- Westlife is 'n Ierse sanggroep wat in 1998 gestig is.
- Hulle musikale invloede kom van 'boy bands' voor hulle, soos Boyzone en Take That.
- Hulle vroeë klank was baie dieselfde as enige ander 'boy band'.
- In onlangse albums het die groep se klank ontwikkel van jeuggeoriënteerde pop na hoofstroommusiek.
- Hulle musiekstyl is nou 'n volwasse mengsel van ballades en midtempo-liedjies. **[4]**

## VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPMUSIEK

Jy het 'n konsert bygewoon van EEN van die volgende Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars:

Mandoza
Lucky Dube
Steve Hofmeyr

Skryf 'n resensie van hierdie konsert en verwys na VIER styleienskappe van hierdie kunstenaar.

**Nasienriglyn vir VRAAG 10**

| PUNT | BESKRYWING |
|---|---|
| 4 | Die resensie demonstreer die leerder se vermoë om die kunstenaar se werk en die konsert deur middel van **kritiek** van die konsert en **beoordeling** van die kunstenaar se optrede te **evalueer**. |
| 3 | Die resensie demonstreer die leerder se vermoë om die konsert en die kunsternaar se werk te **ontleed** deur inligting in onderafdelings te verdeel om begrippe en verhoudinge te verken deur die **toepassing, vergelyking** en/of **organisering** van die kennis. |
| 2 | Die resensie demonstreer 'n **begrip** van die kunstenaar se werk. Die leerder kan idees of konsepte met verwysing na die kunstenaar en die konsert **verduidelik**. |
| 1 | Die resensie gee geleerde kennis weer, wat gedemonstreer word deur inligting oor die kunstenaar te **onthou** en **op te roep**. |

**[4]**

## VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

**Beantwoord VRAAG 11.1 OF VRAAG 11.2 OF VRAAG 11.3.**

11.1 **Kwaito**

11.1.1 Waar en wanneer het kwaito ontstaan?

**Antwoord:**

- Die woord "kwaito" kom van die Afrikaanse 'slang'-woord 'kwaai', wat koel beteken.
- Kwaito is 'n musiekstyl wat in die 1990's in Johannesburg ontwikkel het.
- Die musiek self is gebaseer op 'house'-musiek. (2)

11.1.2 Noem TWEE styleienskappe van kwaito.

**Antwoord:**

- Soos 'house'- en 'rave-musiek', word kwaito meestal nie lewendig met instrumente opgevoer nie, maar eerder met melodiese en ritmiese voorbeelde wat vooraf opgeneem is.
- Kwaito het diep baslyne.
- Kwaito word dikwels teen 'n stadiger tempo as 'house' en 'rave'-musiek gespeel.
- Lirieke word dikwels geskree of as dreunsang ('chant') gesing, eerder as om dit te 'rap' of te sing.
- Sommige kwaito-kunstenaars het hulle tempo's vinniger gemaak en die manlike dreunsang verminder on 'n sagter vorm van kwaito of 'African house' te skep. (2)

11.1.3 Noem TWEE gewilde kwaito-kunstenaars.

**Antwoord:**

- Mandoza
- TKZee
- Kabelo
- Zola
- Bongo Maffin
- Boom Shaka
- Of enige ander relevante, erkende kwaito-kunstenaars. (2)

**OF**

11.2 **Musiek vir sosiale geleenthede**

Skryf 'n kort opstel oor Suid-Afrikaanse Tradisionele Musiek en hoe dit met sosiale aktiwiteite in Suid-Afrikaanse gemeenskappe verbind word.

**Antwoord:**

- Liedere word gebruik vir elke fase van mense se lewens: by geboorte, wanneer adolessensie begin, troues, dood en begrafnisse.
- Musiek is ook teenwoordig gedurende jagtogte, as beeste opgepas word, en vir gewone plaaswerk.
- Liedere word gebruik om siektes te genees, om reën te bring, vir politieke doeleindes en in godsdienstige danse.
- Musiek is noodsaaklik vir baie Suid-Afrikaanse seremonies.
- Alle lede van die geneemskap neem daagliks deel aan musiekaktiwiteite.
- Kinders word musiek geleer as hulle hulle taal aanleer.
- Daar is mense wat glo dat 'n mens deur musiek met die geeste van voorvaders kan kommunikeer.
- In Afrika is musiekmakery 'n sosiale aktiwiteit waaraan amper almal deelneem.

Punte sal toegeken word vir relevante feite volgens die diskresie van die hoofnasiener. **[6]**

**OF**

11.3 **Moppies en ghommaliedjies**

11.3.1 Waar het moppies en ghommaliedjies ontstaan?

**Antwoord:**

- Die *moppie-* en *ghommaliedjies* is 'n 200-jaar-oue tradisie wat uniek aan die Kaap is.
- Baie kulture, soos die Khoi-Khoi en die slawe van Afrika, Indië, Indonesië en Madagaskar, het tot die ontwikkeling van *moppies* en *ghommaliedjies* bygedra. (1)

11.3.2 Gee die naam van 'n musiekblyspel wat op moppies en ghommaliedjies gebaseer is.

**Antwoord:**

- District Six
- Goema (1)

11.3.3 Beskryf 'n *ghomma-trom*.

**Antwoord:**

- Die ghomma-trom word van 'n wynvat gemaak met 'n oop ent aan een kant waaroor 'n velum (vel) vasgemaak is.
- *Die trom speel 'n tipiese ghomma-ritme om die moppies en ghommaliedjies te begelei.*

11.3.4 Noem die TWEE kunstenaars wat grootliks verantwoordelik is vir die herlewing in moppies en ghommaliedjies.

**Antwoord:**

- Taliep Petersen
- David Kramer (2)

**[6]**

## VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE

**Beantwoord VRAAG 12.1 OF VRAAG 12.2 OF VRAAG 12.3**

12.1 **Mzilikazi Khumalo**

Die komponis Mzilikazi Khumalo is as 'n motiveringspreker na jou skool uitgenooi. Jy is gevra om hom aan die gehoor voor te stel.

Hoe sal jy hierdie bekende Suid-Afrikaanse komponis in terme van biografiese besonderhede, sy komposisies en die styleienskappe van sy musiek beskryf?

**Antwoord:**

- James Stephen Mzilikazi Khumalo is op 20 Junie 1932 op die plaas van die Heilsleër, KwaNgwelu, in die Vryheid-distrik van KwaZulu-Natal gebore.
- Gedurende sy onderwysloopbaan by Wallmansthal Sekondêre Skool in die Pretoria-distrik, het hy in 1959 sy eerste werk, genaamd *Ma Ngificwa Ukufa* gekomponeer.
- Hy het sy musiekstudies in musiekteorie, harmonie, kontrapunt, vormleer en komposisie voortgesit.
- Onder leiding van Charles Norburn het hy verskeie gedigte van BW Vilakazi getoonset en ook sang onder prof. Khabi Mngoma en Zandi Casan studeer.
- **Sommige van sy prestasies is:**
- Beoordelaar vir koorkompetisies soos ATASA Nasionale Eisteddfod, Ford Koorkompetisie en die Roodepoort Internasionale Eisteddfod van Suid-Afrika.
- Dirigent en direkteur van die Heilslëer se *Soweto Songsters* en *Central Division Songsters.*
- Musiekdirekteur van die jaarlikse *Caltex Sowetan Nation-Building Massed Choir Festival*.
- Verskeie lesings by musiekkonferensies, onder andere Die Rol van Tradisionele Musiek in die Ontwikkeling van die Jeug. **(Enige 5)** **[5]**

**OF**

12.2 **Niel van der Watt**

Jou skoolorkes en -koor gaan werke van Niel van der Watt opvoer. Skryf programnotas oor die styl van hierdie komponis deur te verwys na:

- Ritme
- Melodie
- Harmonie
- Struktuur

**Antwoord:**

- Van der Watt se styl is sterk gegrond in die Wes-Europese en Suid-Afrikaanse sangtradisies.
- Die musiek is basies tonaal, alhoewel verrykende toonsoorte dikwels gebruik word.
- Van der Watt gebruik ook beide melodiese en harmoniese vierde intervalle en kumulatiewe vyfdes vertikaal as harmoniese aksentpunte.
- Dissonante kom voor, maar is nooit dominant nie.
- Tipiese Afrika ritmiese patrone en ander elemente van Afrika-musiek is duidelik herkenbaar.
- Van der Watt pas sy gebruik van musikale vorm aan volgens sy smaak en struktuur is gewoonlik duidelik gedefinieer.
- Hy word gesien as 'n polistilis en komponeer hoofsaaklik musiek vir 'n spesifieke doel (*Gebrauchsmusik*).
- Sy komposisies word in verskillende style verdeel, van Neobarok tot Afrika-jazz. **(Enige 5)** **[5]**

**OF**

12.3 **SJ Khosa**

Jy is gevra om 'n koor wat vir die Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod voorberei, te help. Hulle sal 'n koorwerk van SJ Khosa aanbied.

Berei notas oor die lewe en musiek van die komponis voor wat jy in terme van biografiese besonderhede, sy komposisies en die styleienskappe van sy musiek met die koor sal deel.

**Antwoord:**

- Shalati Joseph Khosa is 'n Tsonga-komponis en -koorleier.
- Hy is op 5 Mei 1936 in Mapaplia (naby Shingwedzi) gebore.
- Op die ouderdom van ses het hy in sy familie se koor gesing en hy kon toniese solfa glad lees in die laerskool.
- Terwyl hy nog op skool was, het sy eerste komposisies die lig gesien.
- Hy het eers as 'n klerk by die Elim Hospitaal gewerk, voordat jy vir 'n BA-graad aan die Universiteit van die Noorde studeer het.
- Hy het ook 'n UNISA HOD-diploma by sy kwalifikasies gevoeg en houtblaasinstrumente, koperblaasinstrumente, klavier en teorie in Switserland studeer.
- Hy het 'n MMus-graad aan die Universiteit van Pretoria voltooi.

- Khosa het meer as 400 liedere voltooi, waaronder ongeveer 80 verwerkings van tradisionele en volksmusiek.
- In 1990 is 'n versameling kinderliedjies in Tsonga en Engels gepubliseer en in 2004 het 'n liedboek met die titel *Ndzhaka ya tinsimu* (erfenisliedere) verskyn.
- In 2003 is hy deur SARRAL as Liedjiekomponis van die Jaar aangewys vir sy bydrae tot Suid-Afrikaanse koormusiek.
- He is 'n bekende beoordelaar by koorkompetisies en 'n dirigent van massakore. Hy dirigeer die Lulekani Jeugkoor en ook die Xitsonga Tradisionele Groep. **(Enige 5)** **[5]**

**VRAAG 13: SUID-AFRIKAANSE NASIONALE VOLKSLIED**

Die Nasionale Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika bestaan uit 'n kombinasie van liedere uit ons verlede. Vyf individue het bygedra tot die skepping en ontwikkeling van die volkslied soos ons dit vandag ken.

Kies 'n bydrae uit KOLOM B om by die naam in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (13.1 – 13.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Enoch Sontonga | A | skryf die woorde van *Die Stem (The Voice)* |
| 13.2 | CJ Langenhoven | B | toonset *Die Stem* |
| 13.3 | ML de Villiers | C | voeg die twee volksliedere saam in een Nasionale Volklied met 'n verbindingsfrase en modulasie in 1997 |
| 13.4 | J Zaidel-Rudolph | | |
| 13.5 | Mzilikazi Khumalo | D | komponeer Nkosi Sikelel' iAfrika |
| | | E | pas die Engelse woorde van die volkslied aan |


**Antwoord:**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Enoch Sontonga | D | komponeer Nkosi Sikelel' iAfrika |
| 13.2 | CJ Langenhoven | A | skryf die woorde van *Die Stem (The Voice)* |
| 13.3 | ML de Villiers | B | toonset *Die Stem* |
| 13.4 | J Zaidel-Rudolph | E | pas die Engelse woorde van die volkslied aan |
| 13.5 | Mzilikazi Khumalo | C | voeg die twee volksliedere saam in een Nasionale Volklied met 'n verbindingsfrase en modulasie in 1997 |

(5 x 1) **(5)**

**VRAAG 14: SUID-AFRIKAANSE KOORMUSIEK**

Die volgende is uittreksels uit drie koorstukke. Kies EEN van die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.




14.1 Noem die gekose stuk en die komponis van die koorstuk.

**Antwoord:**
1. *Monna a motenya* deur Bonisile Gcisa
2. *Plea for Africa* deur John Knox Bokwe
3. *Gabi, Gabi* – Tradisionele pryslied verwerk deur William C Powell (2)

14.2 Beskryf die koorstuk met verwysing na stemming, teks en musiek.

**Antwoord:**
1. *Monna e metenya* – lig, vol humor, gelukkig
2. *Plea for Africa* – ernstig, hartseer, swaar, sterk
3. *Gabi, Gabi* – lig, vreugdevol, energiek (3)

**[5]**

**VRAAG 15: MUSIEKREGTE**

Jou vriend, Mickey, is 'n komponis. Iemand anders het een van Mickey se liedjies geregistreer. Hierdie persoon sing nou Mickey se komposisie onder sy eie naam. Sy opname is selfs oor die radio uitgesaai.

Gee in 'n e-pos vir Mickey raad oor wat hy nou moet doen en wat hy moes doen om hierdie situasie te voorkom.

**Antwoord:**

- Hy moet SAMRO dringend kontak en advies vra.
- Hy moes by SAMRO (Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie) geregistreer het.
- Voltooi die registrasievorm wat alle persoonlike besonderhede gee.
- SAMRO bestuur die betaling van outeursgelde aan lede.
- SAMRO sal sy liedjies teen onwettige aflaai van die Internet beskerm.
- As sy liedjie opgevoer word, sal SAMRO verseker dat outeursgelde aan hom as die komponis betaal word.
- SAMRO bereken die bedrae wat in outeursgelde betaal word.
- Die berekening van outeursgelde word op 'n persentasiebasis gedoen.
- SAMRO sal ook verseker dat sy naasbestaandes die outeursgelde sal kry indien hy sou sterf.
- SAMRO sal namens hom outeursgelde invorder as sy liedjie uitgesaai word. **(Enige 5)** **[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou